BYBELSTUDIES

Die Bybelstudie by **Huis Eikelaan** hervat weer Dinsdag om 15:00 in die **rooi sitkamer**. Almal welkom.

Almal is ook hartlik welkom by die Bybelstudie op Woensdagaande om 18:00 in die konsistorie. Woensdagaand sluit ons die studie uit die Markusevangelie af (studie 7 uit prof. Jorrie Jordaan se boek *"Voëlvlug deur die boeke van die Nuwe Testament*). Belangstellendes kan ds. Jannes kontak om die boek elektronies te bekom.
Hardekopieë is by die Administratiewe Buro beskikbaar.

DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.

VAN ONS DIAKONIE

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGAAND

25 APRIL 2025

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☎ 018 294 4600 of ☎ 082 923 1384
R 30 Hamburgers. Worsbroodjies R 30



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 12. Sondag 6 April 2025
REDAKTEUR: **RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste.
Ouderlinge: Wyk 9 **Harm Stavast** en Wyk 10 **Fanie Jooste**
Diakens: Wyk 9 **Frans Drijfhout** en 10 **Pieter Jooste**
Skinkbeurt: Wyke 10, 11 en 12 **Wyksuster Wymie du Plessis**

EREDIENSTE Oggend prof Callie, aand ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30 en aanddiens om 18:00
Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: Vooraf sang: Psalm 48:1, 2.
Skriflesing: Daniël 2:17 - 47
Sang tydens die diens: Psalm 118: 7, 8, 11; Psalm 74:15, 16; Skrifberyming 39: 1, 4 (15/3); Psalm 93:1 tot 4 (Op die melodie van "Bly by my Heer" asb Magda).
Sing met meelewing: Ps 146: 5, 6

AAND: Woordbediening: Johannes 10.
Fokusverse: Johannes 10: 11, 27 - 29.
Belydenis: Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 2 paragraaf 8; VD 2:1, 2, 6.
TEMA: Die Goeie Herder *verwerf* die lewe vir sy skape en *pas dit toe* in die lewe van sy skape.
Sing: Psalm 23:1; Psalm 95:1, 4; Skrifberyming 16-1: 4, 5, 6, 7(15); Skrifberyming 11-1: 1, 2, 11(22);
Psalm 134: 1, 2, 3 (na die wegstuurseën).

KOLLEKTES VANOGGEND: *Diens van Barmhartigheid* in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir *Emeritaatsversorging*
VANAAND: **Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI)
Volgende week: Spesiale kollekte is vir *Emeritaatsversorging*

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Ons volhard in ons voorbidding vir broers en susters wat aansterk na operasies wat hulle ondergaan het: **Susan Coetzee, Loffie Eloff, Wymie du Plessis, Suzie Marais en Anneke Markgraaff**.

Ons doen ook graag voorbidding **vir Koos en Ina Roos**. Koos se gesondheid het verswak, maar dit is sy wens om nie in Rosetuin se versorgingseenheid opgeneem te word nie. Ons is dankbaar vir die hulp wat Ina vanaf die Dienssentrum ontvang.

Ria Esterhuizen is verlede week in Potchefstroom Hospitaal opgeneem, en ons is saam met haar en Hanlie-hulle dankbaar vir die mate van beterskap wat Ria ontvang. Sy is met long- en nier-infeksie asook hartversaking opgeneem.

DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE VAKANSIE

Baie geluk aan die lidmate wat DV gedurende die vakansie hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
Ma	07/04	**Sarie Brümmer,**. Wyk 9
Di	08/04	**Anja Bouwsema,**. Wyk 9
		Elsje Serfontein,. Wyk 3
		Hendrien Venter (85),. Wyk 11
Wo	09/04	**Mandie der Klerk,**. Wyk 1
Do	10/04	**Lorraine Smit,** Wyk 2
Vr	11/04	**Estie Duvenhage (86),**. Wyk 4
Sa	12/04	**Henna Labuschagne,**. Wyk 11
		Nanna du Plessis,. Wyk 13

Seënbede met meelewing Psalm 146: 5 en 6

HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe!

Dag	Datum	Naam en Van
So	06/04	Tjaart en Ettie du Plessis (62 jaar)
Ma	07/04	Japie en Christa v Jaarsveld (48 jaar)
Di	08/04	Harm en Anita Stavast (47 jaar)

VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegvoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

ALGEMENE AFKONDIGINGS

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak				
Di	08/04	09:00	Telkommissie	kerkkantoor
		15:00	Bybelstudie: Huis Eikelaan	Rooi sitkamer
Wo	09:04	18:00	Bybelstudie	Konsistorie
So	13/04	08:30	Hoërskoolkatkisasie	Boverterk
		10:50	Laerskoolkatkisasie	Bovertrek
		15:30	Erediens: Huis Eikelaan Prof Francois Muller TSP	Kapel

KATKISASIE	Sondag 13 April 2025
Hoërskoolkatkisasie	Les 9
Lesrooster: **Psalmvers:** **Heidelbergse Kategismus:** **Memoriseerwerk (Gr. 1-2)**	Les 9 Psalm 38: 1, 17; 42: 1, 5 Sondag 9 Onse Vader, geheel